higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N5

3 Junie 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 J
1.2 N
1.3 O
1.4 A
1.5 G
1.6 B
1.7 L
1.8 E
1.9 C
1.10 I
1.11 D
1.12 M
1.13 F
1.14 H
1.15 K

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Onwaar
2.3 Onwaar
2.4 Waar
2.5 Onwaar
2.6 Waar
2.7 Waar
2.8 Onwaar
2.9 Waar
2.10 Waar

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 3

3.1
- Daar moet geen skerp hoeke op kinders se hoogte wees nie.
- Daar moet geen los matte wees nie.
- Alle skerp toerusting en gevaarlike chemikalieë moet buite bereik van die kinders wees.
- Alle kragpunte moet bedek word.
- Alle stukkende speelgoed moet verwyder word.
- Die oppervlakke en toerusting moet nietoksies wees.
- Daar moet veiligheidshekke wees, veral as die speelkamer na trappe lei.
- Die toerusting moet kindergrootte wees.
- Daar moet vrye vloei van verkeer wees. (Enige 8 × 1) (8)

3.2
- Die isolasiekamer word gebruik om siek kinders van ander kinders te skei totdat hul ouers hulle kan kom haal.
- Die kamer word gebruik om te verseker dat kinders met aansteeklike virusse nie gesonde kinders besmet nie. (2 × 2) (4)

3.3.1
- Grootmotoriese vaardighede ontwikkel wanneer kinders modder, water of sand aandra.
- Klein spiere ontwikkel wanneer kinders krabbel, skeur en plak of met klei speel.
- Sensoriese persepsie ontwikkel wanneer kinders verskillende teksture ervaar.
- Morsige spel is ’n uitstekende manier om op aanvaarbare wyse van frustrasie ontslae te raak, bv. wanneer kinders in water plas.
- Hulle kan dinge self doen, wat tot onafhanklikheid lei.
- Kinders leer verskillende konsepte soos swaar, lig, volume, ens.
- Oog-hand-koördinasie ontwikkel wanneer hulle sand van een houer na ’n ander gooi.
- Sosiale vaardighede ontwikkel wanneer hulle met mekaar speel.
- Taalvaardighede ontwikkel wanneer hulle nuwe woorde leer.
- Hul selfvertroue verhoog wanneer hulle prestasies geprys word.
- Hul kreatiwiteit en verbeelding ontwikkel, want morsige spel is ’n oopmedium-vorm van spel. (Enige 10 × 1) (10)

3.3.2
- Vingerverf
- Krabbel met vetkryte
- Skeur en plak op karton
- Speel met modder
- Speel met sand
- Speel met water
- Speel met speeldeeg (Enige 5 × 1) (5)

3.4
- Om die kinders tot bedaring te bring
- Om die les af te sluit
- Om die kinders te herinner aan wat hulle geleer het
- Om die kinders kans te gee om te besin oor wat gedoen is

(Enige ander toepaslike doelwit 3 × 1) (3)

3.5
- Skryf kommentaar wat duidelik, bondig en saaklik is.
- Gebruik slegs swart of blou ink.
- Gebruik dieselfde kleur pen in die verslag.
- Gebruik goeie taal en spelling.
- Gee die verslag vir ’n kollega om na te gaan voordat dit aan die skoolhoof vir ’n finale kontrole gegee word.
- Moenie enigiets op die verslag uitkrap nie.
- Geen korreksievloeistof moet op die verslag gebruik word nie.
- Moenie enige negatiewe opmerkings in ’n verslag skryf nie.
- Hou dit eenvoudig.
- Dink goed na oor die opmerkings wat jy in die verslag skryf, aangesien dit die kind vir die res van sy/haar lewe sal bybly.
- Sluit op ’n positiewe noot af. (Enige 10 × 1) (10)

3.6
- Dit bied kinders vryheid om aktiwiteite te kies waarin hulle belangstel en stimuleer hul verbeelding.
- Hulle leer om hul eie besluite te neem, wat hulle help om selfstandig te word.
- Hulle voel nie onder druk nie, want hulle werk teen hul eie tempo.
- Hulle ontwikkel verantwoordelikheid, want hulle leer om na hulpbronne om te sien en dit weg te pak ná die aktiwiteit.
- Vryspel bied kinders die geleenheid om holisties, m.a.w. liggaamlik, sosiaal, emosioneel en intellektueel, te ontwikkel. (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 4

4.1
- Dit verbeter kinders se geheue en konsentrasievermoë.
- Dit moedig kreatiewe taalgebruik aan.
- Dit verbeter kinders se algemene kennis.
- Kinders leer om probleme op te los.
- Kinders se denke, redenering en begrip verbeter.
- Dit help om kinders met woorde en idees vertroud te maak.
- Dit dien as ’n voorbeeld van goeie taalgebruik.
- Dit help om kinders se luistervaardighede te ontwikkel.
- Dit stimuleer kinders se verbeelding. (Enige 5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

4.2
- Rympies het nie ’n dieper betekenis nie.
- Rympies het dikwels ’n onverwagte en betekenlose einde.
- Die betekenis is minder belangrik as die ritme.
- Die aantrekkingskrag lê in die ritme en sangtoon.
- Die rympie behels gewoonlik woordspel. (Enige 4 × 1) (4)

4.3
- Boeke moet nie geskeur word of rondlê nie.
- Boeke moet ná gebruik teruggepak word op die rak.
- Was jou hande voor jy boeke hanteer.
- Moenie prente uit die boek knip nie.
- Moenie in die boek teken nie.
- Geen kos word in die boekarea toegelaat nie. (6)

4.4
- Jy kan ’n groot kartonboks of ’n tafel met gordyne as die verhoog gebruik.
- Voeg rekwisiete, soos prente, in die agtergrond by.
- Oefen die poppekas voor die tyd.
- Oefen om die marionette te beweeg om vir hulle ’n eie persoonlikheid te gee.
- Onthou om jou stemtoon af te wissel om die karakters lewend te laat word.
- Kies ’n storie met baie dialoog.
- Stel die marionette vooraf aan die kinders bekend sodat hulle nie bang is vir hulle nie.
- Jy kan handpoppe, stokmarionette, sokkiepoppe, papiersakpoppe, handskoenpoppe, ens. vir die poppekas gebruik. (Enige 5 × 2) (10)

4.5
- Sing liedjies oor vorms
- Speel vormpas-speletjies terwyl julle op maat van geskikte musiek sing
- Sing liedjies oor vorms en wys vorms in die klaskamer of buite uit
- Kinders luister na musiek en maak vorms met hul liggame
- Sit vorms in ’n sak, en die kinders kies ’n vorm, identifiseer die vorm deur daaraan te raak en sing oor die vorms wat hulle gevind het

(Enige ander toepaslike aktiwiteit) (5)

4.6
- Die dagsorgfasiliteerder kan almal tegelykertyd sien.
- Almal is bymekaar vir sekuriteitsredes.
- Alle aktiwiteite vind op dieselfde tyd plaas, wat ruimte bespaar.
- Een professionele persoon kan aangestel word om in beheer te wees van personeel wat nie opgelei is nie.
- Die kleiner kinders voel veiliger, want hul ouer broers of susters is in dieselfde lokaal.
- Dit bespaar geld, want minder speelgoed kan gekoop word.
- Kleiner kinders leer by die groter kinders. (Enige 5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

4.7 Kontrolelys vir beplanning van uitstappie na die voëlpark:

Voorgestelde taak	**Persoon toegewys**	**Datum wanneer taak voltooi moet wees**
1. Besoek die voëlpark vooraf om te verseker dat dit veilig is en dat die fasiliteite kindervriendelik is 2. Reël mense om praatjies te lewer 3. Bespreek die uitstappie met die skoolhoof 4. Werk die koste van die uitstappie uit 5. Reël die datum en vertrektyd 6. Tref vervoerreëlings 7. Stuur briewe aan die ouers om toestemming vir die uitstappie te vra 8. Ouers moet vrywaringsvorms onderteken 9. Reël 'n paar volwassenes om saam te gaan 10. Hou 'n vergadering met hierdie volwassenes 11. Reël verversings vir die uitstappie 12. Kry die noodhulpkissie gereed 13. Reël naamkaartjies en klere vir die uitstappie	Enige naam	Moontlike datums

EEN punt vir voorgestelde taak, persoon toegewys en datum waarteen take afgehandel moet wees (Enige 10 × 1) (10)
[50]

VRAAG 5

5.1
- Luister
- Ritmiese beweging
- Sang
- Bespeel instrumente (4)

5.2
- Ritmestokke
- Driehoeke
- Simbale
- Skuurblokke
- Klokkies
- Tromme
- Rammelaars
- Marakkas
- Skudders
- Toon-/Houtblokkies
- Kastanjette
- Tamboeryne (Enige 7 × 1) (7)

5.3
- Stuur die kinders se werk huis toe sodat ouers kan sien wat oor die tema gedoen is.
- Hou opedae en nooi ouers om te kom kyk wat die kinders doen.
- Nooi ouers na vergaderings om die tema vir hulle te verduidelik en te wys hoe dit by die skool aangebied word.
- Nooi ouers na uitstappies verbonde aan die tema.
- Plak elke week plakkate op wat ouers sal wys wat die tema vir die week is.
- Stuur nuusbriewe uit met inligting oor die tema en 'n verduideliking van hoe hulle tot die tema kan bydra.
- Versoek die ouers om herwonne materiaal te stuur om hulpmiddels vir die tema te maak.
- Ouers kan artikels vir die tema skenk. (Enige 5 × 2) (10)

5.4.1
- Eerste lukrake merke op die papier
- Die kind beheer nie die beweging of die merke nie
- Toevallige merke op papier of in kos

5.4.2
- Die kind besef nou die verband tussen die papier en die pen.
- Hy/Sy beweeg sy/haar gewrig vorentoe en agtertoe en in die rondte.
- Terwyl die kind hierdie aksie herhaal, vul hy/sy die papier met sirkels, ovale en spirale.

5.4.3
- Die kind benoem sy/haar gekrabbel en ontdek dat sy/haar tekening 'n simbool is.
- Hy/Sy assosieer die merke op die papier met die wêreld om hom/haar.
- Kleur word slegs ter voorkeur gebruik.

(3 × 3) (9)

5.5 Taalles vir ’n groep kleuters:

INLEIDING	HULPMIDDELS	DOELSTELLING
’n Geskikte inleidende aktiwiteit, bv. kinders sit in ’n halfsirkel op die mat✓ en sing ’n liedjie *(Noem die liedjie)*✓ (2)	Geskikte hulpmiddel vir aktiwiteit (2)	Moet verband hou met aktiwiteit in inleiding, bv. Om vir die aktiwiteit voor te berei✓ Om die kleuters se aandag te kry✓ (2)
HOOFDEEL	**HULPMIDDELS**	**DOELSTELLING**
Dagsorgfasiliteerder wys na prente en hy/sy en kleuters sê woorde saam✓ Kleuters wys na prente en sê woorde✓ Dagsorgfasiliteerder wys na prente en kleuters sê woorde✓ Enige geskikte taalaktiwiteit (3)	Geskikte hulpmiddels vir aktiwiteit Verskeidenheid prente✓✓ (2)	Moet verband hou met aktiwiteit in hoofdeel, bv. Om kleuters aan te moedig om pret te hê✓ Om taalontwikkeling te bevorder✓ Om hul kommunikasievaardighede te verbeter✓ (3)
SLOT	**HULPMIDDELS**	**DOELSTELLING**
’n Geskikte slotaktiwiteit, bv. Kleuters ruim op✓ Kleuters lê op die mat en luister na sagte musiek✓ (2)	Geskikte hulpmiddels vir aktiwiteit, bv. CD-speler, opgeneemde musiek✓✓ (2)	Moet verband hou met slotaktiwiteit, bv. Om kleuters te leer om ná ’n aktiwiteit op te ruim✓ Om kleuters te laat rus✓ (2)

Nasieners moet lesplan na goeddunke nasien.
Elke lesplan moet individueel geassesseer word. (20)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou